BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

10c Woensdag 15 Maart 1978 WINDHOEK Wednesday 15 March 1978 No. 3717

INHOUD:

Bladsy

PROKLAMASIE:

No. AG. 14 Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Vervoer), 1978 1

CONTENTS:

Page

PROCLAMATION:

No. AG. 14 Executive Powers (Transport) Transfer Proclamation, 1978 1

PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

(Deur die Staatspresident goedgekeur op 6 Maart 1978)

No. AG. 14 1978

OORDRAG VAN ADMINISTRASIE VAN DEPARTEMENT VAN VERVOER AAN DIE ADMINISTRATEUR-GENERAAL

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN
Administrateur-generaal Windhoek, 13 Maart 1978

BYLAE

Woordomskrywing

1. (1) In hierdie Proklamasie beteken "Algemene Proklamasie" die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Algemene Bepalings), 1977 (Proklamasie AG. 7 van 1977).

(2) 'n Verwysing in hierdie Proklamasie na 'n bepaalde wet word uitgelê as 'n verwysing ook na 'n regulasie, reël of ander maatreël wat kragtens daardie wet gemaak is of daarop betrekking het.

PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

(Approved by the State President on 6 March 1978)

No. AG. 14 1978

TRANSFER OF ADMINISTRATION OF DEPARTMENT OF TRANSPORT TO THE ADMINISTRATOR-GENERAL

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN
Administrator-General Windhoek, 13 March 1978

SCHEDULE

Definition

1. (1) In this Proclamation "General Proclamation" means the Executive Powers Transfer (General Provisions) Proclamation, 1977 (Proclamation AG. 7 of 1977).

(2) A reference in this Proclamation to any particular law shall be construed as including a reference to a regulation, rule or other enactment made under or relating to that law.

Oordrag van administrasie van Departement van Vervoer

2. Ondanks andersluidende bepalings van enige ander wet maar behoudens die bepalings van hierdie Proklamasie en die Algemene Proklamasie, word die administrasie van die sake van die gebied Suidwes-Afrika met betrekking tot 'n aangeleentheid wat by die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie deur die Minister van Vervoer van die Republiek van Suid-Afrika in die Departement van Vervoer geadministreer word, deur die Administrateur-generaal behartig.

Toepassing van wette

3. (1) Die bepalings van subartikel (1) van artikel 3 van die Algemene Proklamasie is, sonder om afbreuk te doen aan die bepalings van subartikel (2) van daardie artikel, nie van toepassing nie op —

(a) artikel 5 van die Wet op Lugvervoer, 1946 (Wet 17 van 1946);

(b) artikel 2(2) van die Wet op Lugdienste, 1949 (Wet 51 van 1949);

(c) die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951);

(d) artikel 3(1)(b) en (2), en, vir sover dit betrekking het op 'n ongeluk van Suid-Afrikaanse lugvaartuie wat buite die gebied gebeur het, artikel 12 van die Lugvaartwet, 1962 (Wet 74 van 1962);

(e) die Wet op Voorkoming en Bestryding van die See deur Olie, 1971 (Wet 67 van 1971);

(f) die Wet op Nasionale Verkeersveiligheid, 1972 (Wet 9 van 1972);

(g) die Wet op Verpligte Motorvoertuigversekering, 1972 (Wet 56 van 1972);

(h) artikel 15 van die Wysigingswet op Lugdienste, 1973 (Wet 43 van 1973);

(i) die verwysing na die Republiek in die Wet op Padvervoer, 1977 (Wet 74 van 1977).

(2) Ondanks die bepalings van artikel 3(1)(c) van die Algemene Proklamasie, word die verwysing na die Republiek in —

(a) die Wet op Lugvervoer, 1946 (Wet 17 van 1946);

(b) die Wet op Lugdienste, 1949 (Wet 51 van 1949);

(c) die Lugvaartwet, 1962 (Wet 74 van 1962);

Transfer of administration of Department of Transport

2. Notwithstanding anything to the contrary contained in any other law but subject to the provisions of this Proclamation and the General Proclamation, the administration of the affairs of the territory of South West Africa in relation to any matter which at the commencement of this Proclamation is administered by the Minister of Transport of the Republic of South Africa in the Department of Transport, shall be carried on by the Administrator-General.

Application of laws

3. (1) The provisions of subsection (1) of section 3 of the General Proclamation shall, without detracting from the provisions of subsection (2) of that section, not apply to —

(a) section 5 of the Carriage by Air Act, 1946 (Act 17 of 1946);

(b) section 2(2) of the Air Services Act, 1949 (Act 51 of 1949);

(c) the Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951);

(d) section 3(1)(b) and (2), and, in so far as it relates to any accident of South African aircraft occurring outside the territory, section 12 of the Aviation Act, 1962 (Act 74 of 1962);

(e) the Prevention and Combating of Pollution of the Sea by Oil Act, 1971 (Act 67 of 1971);

(f) the National Road Safety Act, 1972 (Act 9 of 1972);

(g) the Compulsory Motor Vehicle Insurance Act, 1972 (Act 56 of 1972);

(h) section 15 of the Air Services Amendment Act, 1973 (Act 43 of 1973);

(i) the reference to the Republic in the Road Transportation Act, 1977 (Act 74 of 1977).

(2) Notwithstanding the provisions of section 3(1)(c) of the General Proclamation, the reference to the Republic in —

(a) the Carriage by Air Act, 1946 (Act 17 of 1946);

(b) the Air Services Act, 1949 (Act 51 of 1949);

(c) the Aviation Act, 1962 (Act 74 of 1962);

(d) die Wet op Misdrywe teen Burgerlike Lugvaart, 1972 (Wet 10 van 1972),

uitgelê as 'n verwysing ook na die gebied.

Wysiging van artikel 2 van Wet 74 van 1962

4. Artikel 2 van die Lugvaartwet, 1962, word hierby gewysig —

(a) deur die woorde "en op alle Suid-Afrikaanse lugvaartuie en personeel waar hulle ook al is" in subartikel (1) te skrap; en

(b) deur subartikel (2) te skrap.

Wysiging van artikel 5 van Wet 74 van 1962

5. Artikel 5 van die Lugvaartwet, 1962, word hierby gewysig deur subartikel (6) te skrap.

Kort titel

6. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Vervoer), 1978.

(d) the Civil Aviation Offences Act, 1972 (Act 10 of 1972),

shall be construed as including a reference to the territory.

Amendment of section 2 of Act 74 of 1962

4. Section 2 of the Aviation Act, 1962, is hereby amended —

(a) by the deletion of the words "and to all South African aircraft and personnel wheresoever they may be" in subsection (2); and

(b) by the deletion of subsection (2).

Amendment of section 5 of Act 74 of 1962

5. Section 5 of the Aviation Act, 1962, is hereby amended by the deletion of subsection (6).

Short title

6. This Proclamation shall be called the Executive Powers (Transport) Transfer Proclamation, 1978.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.